

HOOFSTUK I

HOE DIMINUTIVA IN AFRIKAANS GEVORM WORD

In Afrikaans is 'n diminutief 'n woord wat van 'n grondwoord⁸⁾ afgelei is deur middel van minstens één van die agtervoegsels -ie, -jie, -tjie, -etjie, -kie, -pie en -ies (laasgenoemde alleen by adverbialia), en wat meestal⁽ⁱ⁾ sowel 'n gevoelsassosiasie by die grondbegrip kán begelei as 'n verkleining kan aandui van die gewone proporsies van die grondbegrip, wat dan dikwels dien as middel tot naamgewing⁽ⁱⁱ⁾ — vergelyk groot en grootjie, grou en groutjie, rym en rympie.

(i) Opm. By verreweg die meeste diminutiewe adverbialia kan ons nie praat van 'n vermindering van die gewone of normale omvang van die grondbegrip nie, eerder van 'n intensifiëring, en dan wel hoofsaaklik van 'n intensifiëring van die nexale gevoel — vgl. sag en saggies, amper en ampertjies.

(ii) Opm. Hier word alleen gepraat van en volgens die huidige taalwerklikheid van Afrikaans. Die bostaande stelling is dus nie regressief toepasbaar nie as sou ek nou reeds wil sê dat ons m.i. hier te doen gehad het met diminuering as middel tot naamgewing of onderskeiding van soorte waarby die grondbegrippe en dus ook die onverkleinde grondvorme dan (later) sou

⁸⁾ Welke woordsoorte, kyk bls. 6 vlg. hiervan.

ⁱ⁾ Hierdie soort syfer verwys na „Opm.”, d.i. opmerkinge binne die teks.

weggeval het nie — vgl. mandjie en boordjie, waarvan die onverkleinde vorme vandag nie meer in Afrikaans bestaan nie.⁹⁾ By gebrek aan historiese gegewens kan dit vandag nouliks gedoen word, en moet elke geval apart oorweeg word.

A: UITGANGE:

1. Die uitgang *-ie* word gevoeg by woorde (a) wat eindig op *f, g, k, p* of *s*: *stofie, lagie, hakie, koppie* en *hasie*.¹⁰⁾

2. *-jie* word gevoeg by woorde wat eindig op *d* of *t*: *bedjie, latjie*.

3. *-tjie* word gevoeg by woorde wat eindig op (a) *l, n* of *r* voorafgegaan deur 'n lang klinker of 'n toonlose [ə]: *saaltjie, haantjie, paartjie; dekseltjie, tekentjie, bekertjie*; (β) *l* voorafgegaan deur 'n tweeklank: *kuiltjie*; (γ) *n* voorafgegaan deur 'n tweeklank of *oe* of *ie* (albei is in verreweg die meeste gevalle kort in Afrikaans): *treintjie, skoentjie, kantientjie*; (δ) 'n klinker: *geboutjie, aiatjie*.

4. *-etjie* word gevoeg by (a) woorde wat uitgaan op *l, m, n*, of *r* voorafgegaan deur enige kort, beklemtoonde klinker behalwe *oe* en *ie*:⁽ⁱ⁾ *rolletjie, lammetjie, pannetjie, karretjie*.

- (i) Opm. I: Woorde op *l* voorafgegaan deur 'n kort, beklemtoonde *oe* of *ie* toon geen ooreenstemmende gebruik in die diminutief-uitgange wat hulle kry nie: *-tjie* en *-etjie* kom hier voor, bv. *boeletjie, gevoeletjie* en *gevoeltjie, poeletjie* en *stoeltjie; rieltjie, sieltjie* en *wieletjie*.

⁹⁾ Kyk verderop, bls. 59 hiervan.

¹⁰⁾ Tensy dit anders vermeld word, kom alle voorbeelde in hierdie studie uit die geëksperpeerde letterkunde — kyk bls. 131 vlg. hiervan.

Dieselfde wisseling is ook gevind by lang
o voor *l*: kooltjie en koletjie.

II: Uitgange na *m* in die bogenoemde
posisie varieer tussen -pie en -etjie:
doem-doempie, riempie en kiemetjie.

III: Ek het alleen één woord gevind wat
uitgaan op *r* voorafgegaan deur 'n kort,
beklemtoonde oe, naamlik met die
-tjie-uitgang, en wel woer-woer.¹¹⁾
Owerigens ken ek net nog een, naamlik
karkoer, wat volgens my waarneming
in streke waar die karkoer voorkom
meestal—maar nie altyd nie—-etjie
bykry vir die diminutief.

(β) eenlettergrepige woorde op -ng: (ii) dingetjie,
tongetjie;

(γ) meerlettergrepige woorde op -ng, met die klem
op die laaste lettergreep: gesangetjie.

(ii) Opm. Hierdie gebruik vertoon groot ooreenkoms
met dié wat geformuleer is in 4 (α).
Tussen hakies: -ng word nooit in
Afrikaans voorafgegaan deur 'n lang
klinker nie.

5. -kie is die diminutief-uitgang by die oorgrote
meerderheid (iii) van woorde wat eindig op -ng wat
nié inbegrepe is onder reël 4 (β) en (γ) nie:
woninkie, vertoninkie.

(iii) Opm. In die nagelese letterkunde is uit 'n totaal
van ongeveer 60 alleen drie gevalle gevind
van meerlettergrepige woorde op -ng wat
nie tuishoort onder reël 4 (γ) nie, met
-etjie as verkleiningsuitgang, naamlik

¹¹⁾ In *Hans die Skipper* van Dr. D. F. Malherbe.

rekening, swerweling en ingang. By rekening kom die -kie-suffiks egter veel meer voor as die -etjie. *Swerwelingetjie* is net een keer gevind, en die enigste ander wat ek ken, is *vreemdelingetjie*. By *ingangetjie* lyk dit my dat ons waarskynlik te doen het met invloed van die onsamegestelde vorm *gangetjie*.

6. -pie is die diminutief-uitgang by woorde op -m in die auslaut voorafgegaan deur (α) 'n lang klinker of 'n tweeklank: toompie, pruimpie; (β) 'n swak-beklemtoonde klinker of liever 'n toonlose [ə]: besempie; (γ) 'n l: walmpie, of (δ) 'n r: wurmpie.

7. -ies, -jies, -tjies en -pies vorm diminutief-adverbia en word by die grondwoorde gevoeg volgens reëls 1, 2, 3, 4 en 6 hierbo: saggies, netjies, mooitjies, stilletjies, skelmpies.

Opm. -kies kom nie by adverbia voor nie. Terwyl daar in Afrikaans maar weinig adjectiva en adverbia is wat op -ng eindig, sou diminuering by dié klas in elk geval uiters beperk bly, al sou hulle ook miskien eventueel verklein word.

B: WOORDSOORTE:

1. *Substantiewe* vorm verreweg die vernaamste woordsoort wat verklein word; byvoorbeeld, 205 van die 214 verskillendes wat in *Ampie I* voorkom, is substantiewe. Dieselfde oorheersende verhouding geld ook vir alle ander geëkserpeerde letterkunde — 'n bevinding wat verder gesteun word deur die verhouding in die groot groslys¹²⁾ van verskillende diminutiva vir alle gelese auteurs, t.w. 1710 snw. uit 'n totaal van 1759 woorde.

¹²⁾ Kyk bls. 25 hiervan.

Opm. Onder snw. of substantief word hier verstaan alle gesubstantiveerde woordsoorte. Dit is in die geëksperpeerde letterkunde net bnw., ww. en telwoorde: bruinetjie, kykie, tweetjies, plus enkele gevalle van o.a. vnw. soos „ditjies en datjies” ens. Die vernaamste woordsoorte wat in Afrikaans gesubstantiveer word, is bnw. en ww., en by die ww. val dit verder op dat verreweg die meeste van hulle alleen in die gediminueerde vorm gebruik kán word in al die verhoudinge van ’n normale substantief, dws. die lidwoord kan kry, meervoude ens.

2. *Bywoorde* is die enigste ander woordsoort, naas snw., wat in betreklik noemenswaardige getalle diminutief voorkom. Van die 214 woorde wat hiervóór genoem is uit Ampie I is 8 bywoorde, en van die 1759 van die groslys is 33 adverbial. Vergeleke by (1) hierbo is dit dus maar gering.

Opm. Onder bywoorde word ook ingesluit alle adverbiaal gebruikte ánder woordsoorte, bv. bietjie en (soms) wragtie (m.i. suffiks-substitusie om die eufemisme). Hierdie twee woorde kan sonder die adverbiale s-uitgang as adverbial fungeer, bv. „kom bietjie hier” en „hy sal dit wragtie doen”, maar waar hulle bv. ánder adverbial bepaal, kan hulle ook die -s bykry: „bietjies te erg” en „wraggies laat”.

3. *Ander woordsoorte.* (a) *Voornaamwoorde:* Gevalle soos *ekkie*, *hompie* en *onsies* is opgeteken deur Dr. Hoge,¹³⁾ en sêlf het ek hoor gebruik die gesubstantiveerde vorme *haretjie* en *synetjie*, terwyl die enigste geval uit die lys is „hierdietjie” (Langenhoven). Die gevalle van Dr. Hoge behoort egter nie tot die normale Afrikaanse spraakgebruik nie, en

¹³⁾ t.a.p. bls. 13.

teenoor Langenhoven se hierdientjie staan wat oral elders en by hom die gereelde is: „hierdie enetjie”. In aldie die laasgenoemde gevalle is substantivering egter duidelik ’n primêre voorwaarde vir diminuering, soos ook in die geval van ww., adj. en telwoorde — mits onder substantivering nie inbegrepe word wat Jespersen noem „quotational nouns”¹⁴⁾ nie.

Opm. Dr. Hoge se voorbeelde, asook dergelike ander, sowel as dié waar gediminueerde ww. nog steeds verbaal fungeer, ken ek enkel in lektuur vir jong kinders en in lektuur opgestel in die taal van moeders, soos die bekende Liefdes Onsin van Langenhoven.¹⁵⁾

Van diminutiva as pronomina gebruik, is alleen „hompies” en „selwertjies” gevind.

(β) *Tussenwerpsels* (uitroepe): Van die beperkte getalle van hierdie woordsoort in Afrikaans het ek alleen die volgende diminutiewe vorme gevind: toggie (plus ag, sies, foei, ens.), hemeltjie, vadtetjie, wêreldjie, gottatjie, landjie, aardtjie, wat almal, met uitsondering van toggie, eufemismes is.¹⁶⁾

Opm. Magtie en maggies kan beskou word as diminutiewe van mag (vgl. „o alla mag”), wragtjie en wraggies morfologies egter nie, omdat hier geen grondwoord „wrag” bestaan het of nog bestaan nie. Moontlik is die eufemistiese gebruiksvorme van „mag” medeverantwoordelik vir die laaste twee.

„Netjies” word ook soms as uitroep gebesig, asook stadigies en soetjies (suutjies), hoewel

¹⁴⁾ O. Jespersen: *The Philosophy of Grammar*, IVde druk, bls. 96, voetnoot.

¹⁵⁾ Kyk verder bls. 38 hiervan.

¹⁶⁾ Kyk hierby Hoge t.a.p. bls. 28: VII.

die funksie van die laaste twee dan eintlik meer verbaal, en meer bepaald imperatief, is: vgl. „stadigies, Ben” en „suutjies in die kombuis!”

Uitroepe of tussenwerpsels vorm dus wel ’n aparte woordsoortelike diminutiefgroep in Afrikaans, maar dit is uiters beperk. „Genugtig” is die enigste ander uitroep wat, naas die reeds genoemdes, volgens my waarneming sou kon gediminueer word. Die hele lys bevat twaalf gevalle, terwyl die literatuurlys alleen ses bevat.

(γ) *Telwoorde*: Geen telwoord ander dan ’n gesubstantiveerde, dit wil sê geeneen wat die funksie verrig van ’n suiwer telwoord, word in Afrikaans gediminueer nie; byvoorbeeld iets soos „drietjies skape” is onbestaanbaar. Alleen in beperkte gevalle van hooftelwoorde kom diminusie hier voor: (i) ’n vnw. plus ’n hooftelwoord: ons tweetjies, hulle drietjies en ons almaltjies is die enigste wat gevind is; (ii) ’n as onbepaalde hooftelwoord gebesigde snw. plus (nog ’n) snw.: ’n klompie hout, ’n troppie vee; wesentlik is dié soort geval presies gelyk aan die tipe: hople grond, snytjie brood en kisse vrugte, sodat ons eintlik alleen in die geval van (γ) (i) hierbo te doen het met diminuering by telwoorde. Die lys bevat net twee voorbeelde.

(δ) *Varia*: Van die ander woordsoorte is as verba alleen nog gevind die spelende vorm „bringkies” (Langenhoven), en die preposisie „neffies” — wat ek by die onuitgemaaktheid van die vraag of dit wel ’n diminutief is dan of dit ’n geval is van suffiks-substitusie maar as diminutief beskou.

Opsomming. Afrikaans diminueer dus op uitgebreide skaal, hoofsaaklik substantiewe,¹⁷⁾ plus enkele

¹⁷⁾ Vergelyk opm. by B.I. hiervóór, bls. 7 hiervan.

adverbia, enkele tussenwerpsels,¹⁸⁾ ens. Van die oogpunt van taalaktiwiteit beskou, is substantiewe egter die enigste groep waaruit deur die spraakmakende gemeenskap *betreklik* ¹⁹⁾ *vryelik* gediminueer word.²⁰⁾

Opm. Sommige gediminueerde adjektiewe word wêl nog adjektiwies gebruik, byvoorbeeld liefies, mooitjies en fyntjies, maar dan met uitsondering van netjies feitlik uitsluitlik predikatief, in welke posisie hul funksie „logies” nie te onderskei is van dié van gewone adverbia nie. Die volgende is die enigste ander geval van dié soort wat in die letterkunde gevind is: „Sy siel ontboesem hom in ’n saggiese gesels”. (Ampie die Natuurkind, bls. 9). Die lys bevat drie gevalle.

Die verhouding substantiewe: ander woordsoorte is in dese ongeveer gelyk te stel aan dié van samestelling: samekoppeling. By substantiewe bv. het deur veelvuldige gebruik al so ’n vaste taalgevoel ²¹⁾ ontwikkel dat geen Afrikaansspreker sal twyfel aan die bestaanbaarheid van ’n vorm soos sê maar „veseltjie” nie, net so min as by samestellinge aan bv. hoekplank. Van ander woordsoorte geld dit egter nie. Die volledige getalle uit die groslys is die volgende: substantiewe 1698, adverbia 39, adjectiva 2,

¹⁸⁾ Dis trouens ook die enigste drie woordsoorte wat voorkom in die afdeling Betekenisleer by Dr. Hoge: t.a.p. bls. 14 vlg.

¹⁹⁾ Kyk bespreking van beperkinge later, bls. 11 vlg. hiervan.

²⁰⁾ Vergelyk ook breë bespreking van die dimin. in die Afr. prosa, bls. 23 vlg. hiervan.

²¹⁾ Die suiwerheid of ratio van so ’n taalgevoel is (meestal) vry maklik te toets aan die groepeerbaarheid van die tipe neologisme aan onbetwiste of erkende, presiese analoga.

uitroepe 12, telwoorde 2, verba 2, pronomina 2, en 1 preposisie.

C: VERKLEININGSMOONTLIKHEDE EN BEPERKINGE:

Die opsomming hiervóór moet nie só gelees word as sou alle woorde van die daar genoemde groepe diminutief gebruik kan word nie. Sekere woorde is hiervan uitgesluit weens hul vorm, sommige weens die begripsoort, andere skynbaar weens vorm en begripsoort.

Diminutiva is by die volgende afleidinge gevind:

I: *Substantiewe:*

A: *Concreta* afgelei met die suffikse:

- (1) -aan: Indiaantjie; / ²²)
- (2) -aar: nomina agentis: bedelaartjie;
streekbewoners (persone): Antwerpe-
naartjie. /.
- (3) -asie: plantasietjie, stellasetjie / ;
- (4) -de: gesaaidetjies; ('n Gesubstantiveerde part.
perf.?).
- (5) -dery: boerderytjie;
- (6) -e: gesubstantiveerde bnw.: rondetjie,
bruinetjie;
- (7) -eling: persoonsname: swerwelingetjie;
- (8) -enaar: streekbewoners: Kapenaartjie / ;
- (9) -er: nomina agentis: boodskappertjie;
saakname: stanertjie;
streekbewoners: uitlandertjie, Duitsertjie;
- (10) -ery: bakkerytjie / ;
- (11) -es: vroulike agensname: leseressie;
- (12) -heid: besigheidjie (saak, winkel);
- (13) -ie: vormvaste diminutiva: meisietjie;
veelgebruikte diminutiva: boompietjie;
- (14) -ier: agensname: winkeliertjie;

²²) Voorbeelde wat nie uit die groslys kom nie, is gemerk: „/” — dié is uit die spreektaal aangeteken.

- (15) -iet: streekbewoners: Paarlietjie / ;
- (16) -igheid: groenigheidjie;
- (17) -in: feminina: vriendinnetjie;
- (18) -ing: woninkie;
- (19) -is: persoonsname: nasionalissie / ; (Uit 'n geboorteberig.)
- (20) -sel: smeerseltjie;
- (21) -ste: gesubstantiveerde superlativa: klein-stetjie;
- (22) -ster: vroulike agensname: besoekstertjie;
- (23) -te: hoogtetjie;
- (24) -ter: agensname: oppastertjie.

B: *Abstracta* afgelei met die suffikse:

- (1) -de: afleidinge van verbaalstamme: gesegdetjie / ; (Hoge).²³
- (2) -e: verkouetjie;
- (3) -heid: angstigheidsheidjie; (Dit sluit in -igheid, -righeid en -erigh-);
- (4) -ing: afdelinkie;
- (5) -isme: anglisismetjies / ;
- (6) -likheid: huislikheidsheidjie;
- (7) -ment: paalementjie / ;
- (8) -nis: bekommernissies, bekentenissie / ;
- (9) -s: gunsie;
- (10) -sel: aanwenseltjies;
- (11) -skap: boodskappies;
- (12) -ste: tipe inkomstetjie, verdienstetjie;
- (13) -te: afleidinge van verbaalstamme: gedeeltetjie.

Afgeleide concreta waarvan ek *geen* diminutiewe gevind het nie, is dus vroulike persoonsname op -e: sendelinge, en persoonsname op -aard: lafaard, -erd: stouterd,^a -erik: stommerik, -ene: volwassene, -ikus(-us) en -loog: historikus, politikus, biolóóg.

²³) „Hoge” agter 'n voorbeeld beteken dat die geval uit sy werk kom.

^a) Na die skryf hiervan, het ek wel „stouterdjie” gehoor, spelenderwys aangewend teenoor 'n kind.

Afgeleide abstracta waarvan ek geen diminutiva gevind het nie, is dus dié op -ery en -y met duratiewe begrip: praterij, rondjakkery, dié op -te met nóg primêr abstrakte waarde: hoogte; dié op -dom en -teit: heidendom, intimitet; wetenskapsname op -logie en -tiek: frenologie, fonetiek, en dié op -ing wat 'n werking aandui: „Die *verdeling* van die grond is aan 'n landmeter opgedra / ”.⁽ⁱ⁾

- (i) Opm. Verreweg die meeste ww. kan egter nie gebruik word soos in die laaste sin nie, bv. mening, lening e.a.

Opsomming. Na die vorm het dit moontlik geblyk om tot 'n soort wetmatigheid te geraak ten opsigte van dié afleidinge wat wel en die wat nie kan diminueer nie. Daarmee is egter nie alles geformuleer nie. Wat afleidinge betref, by abstracta en concreta saamgenome, is die volgende verreweg in die meerderheid as preformantia by diminusie — d.w.s. as agtervoegsels wat onmiddellik vóór die diminutief-uitgang staan: -e (16; ²⁴) adj.); -er (55; persoons-, saak- en dierename in die verhouding 35, 15, 5; -heid (32); -ing (72); -sel (22) en -te (20). Gesubstantiveerde superlativa soos mooistetjie ens. kom alleen drie keer voor.

Verder val op dat verkleining besonder veel voorkom by afleidinge met ge- plus -te: gedeeltetjie, en ver-plus -ing: verwensinkie; „ge-” met duratiewe waarde by gesubstantiveerde verbaalstamme, waarby dit ongeveer dieselfde waarde as -ery het, het ek nie een keer gevind of gehoor nie.

Owerigens kan by die uitgange nog dit opgemerk word, dat -loog, -us (en -ikus), -logie en -tiek deel uitmaak van die terminologie van die wetenskap, met eksklusiewe begripswaardes; [a] by feminina, en -ene

²⁴) Die syfers staan vir die getalle wat in die groslys gevind is.

is ongewone suffikse in die volkstaal, asook -dom, -teit, -aard, -erd en -erik — en die laasgenoemde drie het boonop pejoratiewe gevoelswaarde, wat nie sonder meer verenigbaar is met die oorheersend gunstige ²⁵⁾ gevoelswaarde van die diminutief-uitgang in Afrikaans nie —; -ery by verba is ook enigsins pejoratief en andersyds is die verbale krag daarby nog lewendig, net soos by die hierbo genoemde -ing; en -de, -te, -logie en -tiek vorm veelomvattende begripsbenaminge, — wat miskien primêre absoluta genoem kan word: die absoluutheid van dié begrippe sluit diminuering uit.

Opm. Oor laasgenoemde klas word uitvoeriger gehandel by die bespreking van onafgeleide woorde.

Die posisie van diminutiva in composita verdien ook 'n paar besondere opmerkinge. Op enkele gevalle na kom die diminutief in composita altyd voor as lááste lid: kurktrekkertjie. Ek het geen gevalle gevind waar albei (of meer) lede van 'n compositum diminutiva is nie, behalwe waar die eerste lid 'n vormvaste diminutief is — soos byvoorbeeld rosyntjiekissie en vuurhoutjiedosie.²⁶⁾ En selfs hiér geld die tipe wat verreweg oorweeg só seer dat 'n woord in 'n compositum 'n onverkleinde vorm het wat hy nooit buite composita om het nie: by Jochem van Bruggen en andere is gevind „vuurhoutdosie” teenoor die gereelde „vuurhoutjie” — of is dit miskien (ook?) ritme of hiperkorreksie?

Opm. Met die oog op die tipe waarvan die eerste lid 'n diminutief is, is dit ook interessant dat

²⁵⁾ Vgl. Hoge t.a.p. blss. 14-29, en kyk ook bls. 32 vlg. hiervan.

²⁶⁾ Uit die lys wat hieronder volg, is veel meer dergelikes egter denkbaar.

die vroeë vorm „bossiesmans”²⁷⁾ vandag hoegenaamd nie meer in Afrikaans voorkom nie.

Die volgende is die enigste voorbeelde wat ek gevind het van diminutiva as eerste lid van composita: apiesdoring, bakkiespomp, (beukes)bossiesveld (Sangiro), bultjie-rug, dassiekaros, dubbeltjiedoring, fluitjiesriet en -doring, handjies-oormekaar, jongetjiedolosse, kiesieblaar, kiewietjienes, kloutjiegeraas, kloutjiesolie, knoppiesdoring, knopiespinnekop / , kommetjie-klou (’n Wes-Kaaplandse naam vir ’n donkie), koppie-see, koppie-wêreld, matjiesgoed, meisiekind en -mens, mossienes, netjies-gerangskikte, poffertjie-hande, rantjie(s)wêreld, rantjiesveld, riempiestoel en -vel, rosyntjekissie, steenbokkiespoor en -vleis, tentjie-kar / (’n Noordwes-Kaaplandse woord), toutjiesvleis (d.i. biltong), uintjiegrawers, uintjiesyster / , vaatjiemaag, voëltjiesjag en vuurhoutjiedoos (-dosie).

By hierdie lys sou elke Afrikaanssprekende nog verskeie kon voeg soos ertjiedop, rissiepit, lensieso(e)p e.d.m., alles tesame ’n goeie 80 of meer, meer as genoeg dus om te kan dien as analogiese aanleiding tot soortgelyke neologismes; en tóg stuit willekeurige neologismes van dieselfde tipe telkens die Afrikaanssprekende se taalgevoel, veral by bepalende samestellinge van snw. plus bnw. (komparatief-composita), en snw. plus snw.; byvoorbeeld spekkies-vet en plasie-mense kom my beslis voor as onbestaanbaar. Tòg is 39 uit die 41 bogenoemde gevalle composita van snw. plus snw. Dit kom my voor dat composita van hierdie tipe alleen dán as normaal te beskou is as die eerste lid ’n vormvaste of ’n usuele diminutief is. Hiervolgens sou ek kiewietjie-nes en tentjie-kar dan beskou as afwykende streektaal of persoonlike onge-

²⁷⁾ Die gereelde vorm by o.a. Wikar; kyk ook Dr. Franken in *T.W.K.*, Januarie 1938, artikel oor „Boesman”.

woonhede — binne welke kring dié konstruksies dan wel in orde mag wees indien die eerste lid dáár selfstandige usuele diminutiva is. Handjies-oormekaar en netjies-gerangskikte is nie noodwendig composita nie, ondanks die aaneengeskrewe vorm. Vergelyk byvoorbeeld met die eerste „kop omlaag” en „bene oorkruis”, en met die laaste „netjies geklede dames”. (Albei voorbeelde met „netjies” uit C. M. van den Heever). Hoe ons dit ookal besien, geen geval met „netjies” lewer enige moeilikheid nie, aangesien hierdie woord so goed as vormvas is. „Handjies-oormekaar” is myns insiens ’n adverbiale groep, vergelyk ook verder „bene oorkruis” (sit), „koppies langsmekaar (slaap)” e.d.m. wat om sy eenheidsfunksie voorkom as compositum al ontbreek die eenheidsaksent nog gedeeltelik, en moet dus m.i. besien word as ’n besondere sintaktiese ontwikkeling — ’n produk van veelvuldige gebruik dus — en nié as ’n compositum-tipe nie.

Opm. „Gunsies-vra”, wat ook in die lys voorkom, is net ’n geval van ’n „quotational” snw., ’n geleentheidskoppeling.

Tenslotte *onafgeleide substantiewe*. Terwyl die vorm hier niks bied om peil op te trek nie, is ons aangewese bloot op betekenis-aspekte en die taalgebruik sonder meer. Naas Dr. Hoge²⁸⁾ se aangegewe begripsoorte wat wel gediminueer word, geld die volgende beperkinge: (1) eiename van plekke word nie verklein nie, tensy dit as soortnaam gebruik word: „Pretoriatjie is ’n woelige stad²⁹⁾ / ” kan nie, „Potchefstroom word so stadigaan ’n tweede

²⁸⁾ t.a.p. bls. 15 vlg.

²⁹⁾ Die volgende geval uit E. de Roubaix se *Boesmanlandse Sketse en Verhale* (bls. 73) is die enigste van sy soort wat ek ooit êrens gelees of gehoor het: „....gaan dan na die Kaap wat so groot is dat hy met *Portervilletjie* kan maak wat die walvis met Jona gemaak het.”

Pretoriatjie / " kan wêl; (2) eiename van mense word veelvuldig verklein. Dit kan geskied net soos by 'n gewone snw., byvoorbeeld Johannessie, Gertruidatjie, maar verreweg die mees gebruiklike is die verkorting van die eienaam tot 'n eensillabige klankgroep wat dan op die gewone wyse gediminueer word: Hansie, Kosie, Sannie e.d.m. Die volle naam, gediminueerd, kom meestal voor waar 'n persoon aangespreek word om iets van hom te verkry en waar op simpatieke toon van hom gepraat word: „Johannessie, maak dan vir moeder die deur toe, asseblief my kind / ", en „Johannatjie voel die laaste paar dae al glad nie fris nie / ". Dit geld meestal ook van praat teenoor of van kinders. Word die naam en die van saam gebruik, kry ons by diminusie byna uitsluitlik die verkorte vorm van die naam: Ampie Nortjé, Jannie van der Walt. Hierdie neiging word versterk deur die swak aksent op die naam teenoor die hoofaksent op die „van". Al uitsonderinge hierop wat ek gevind het, is Pietertjie, Sareljie en Willempie plus 'n familienaam by elkeen, en dit ook maar in heel enkele gevalle.

Opm. As die naam reeds eensillabig is, soos byvoorbeeld Jan, kan dit (natuurlik) altyd in die diminutief-vorm saam met die „van" gebruik word.

Die diminuering van familienaam (vanne) is nie ongewoon nie, maar die aanwending is meestal of pejoratief of, by intimiteit, plagend — tensy dit as groepsaanduiding gebesig word, bv. „In Suid-Afrika is daar baie Van der Merwetjies op skool / ". Wat die ongewoonheid van die eersgenoemde tipe gevalle betref, noem ek net die volgende: uit die groep Ruiters,³⁰⁾ Gereke, Rieme, Toings, Skipper, Vryheid, Timmerman, Gramadoelas, Lucie, Oorlog en Veld en

³⁰⁾ Vir afkortinge van titels kyk bls. 131 vlg. hiervan.

Rante is dit net in laasgenoemde dat diminutiewe van „vanne” voorkom. Eén geval: „Daardie *Sit-mantjies* moet 'n opvoeding kry soos enige kind van christelike ouers. Nou groei hulle op soos heidings!” (Veld en Rante, bls. 61). (3) Woorde vir presiese *tydstippe* word nie verklein nie, dié vir *tydsduur* wèl: „hy was om half-twaalfie daar / ” kàn nie, „hy het net 'n half-uurtjie gewag” kan wèl. Dieselfde geld vir presiese maataanduidinge in teenstelling tot onbepaalde, bv. die onmoontlike „drietjies ponde” / teenoor „'n klompie skape”—hier dus telwoorde teenoor versamelname.

Opm. Soms word 'n woord wat presiese omvang aandui tòg gediminueer, maar dan dien dit nie meer (net) as suiwer maataanduiding nie, bv. „ek het vandag net 'n dosyntjie eiers van die Leghorns gekry / ”. Word enige so 'n woord egter gesubstantiveer, verval die beperkinge.

(4) Stofname, soos koffie, sand, water en wol—woorde wat nie met die onbepaalde lidwoord gebruik kan word nie—kan nie gediminueer word wanneer hulle as suiwer stofaanduidinge dien nie: byvoorbeeld „watertjie is volop in die Boland / ” is onbestaanbaar. Sodra daar egter 'n gebruiksverskuiwing voorkom of plaasvind van stof- tot voorwerpsaanduiding,—wat in Afrikaans nie ongewoon of seldsaam is nie—kàn dergelike woorde ook verklein word. Dit kom my voor dat hier twee tipes van gevalle bestaan: (α) dié wat in die onbepaaldheid van hul voorwerpsaanwysing nog héél na aan die onbepaaldheid van omvang van gewone stofname lê; gediminueerd word hulle uitsluitlik in die meervoud gebruik, byvoorbeeld „Vroutjie het ons *kossies* klaargemaak” (Sonde met die Bure, bls. 59), „Teen die end van die winter is die *kossies* maar skáárs in die karo-wêreld / ”; (β) die wat selfstandig gebruik word in plaas van

'n compositum waarvan dit die eerste lid, met stofaanduidende betekenis, sou wees, sodat dit ook die onbepaalde lidwoord kàn kry; vergelyk bv. met die eerste voorbeeld onder (4) hierbo die volgende: „selfs toe die ossewa padgegee het vir die perdekar kon jy nog langes die pad onder 'n koelte-boom by 'n *watertjie* uitspan en jou keteltjie kook en jou soutribbetjie braai”. (Sonde, bls. 29.) Soos (α) gebruik is ook gevind onder andere koffietjies, sandjies en suikertjies / , soos (β) onder andere stoffie, voggie en doutjie.

Wesentlik dieselfde soort verskuiwing kom ook voor by primêre abstracta — die laaste groep hier waarby beperkinge ten opsigte van diminuering geld. Geen abstracta wat suiwer as sodanig gebruik word, wat dus absolute of ondeelbare begrippe benoem — wat ek voorheen ook geheet het „primêre absoluta” — bv. woorde vir primêre gemoedsaandoeninge, ruimte-begrippe en biologiese begrippe, soos haat en vrees, duur en hoogte, lewe en dood, kan gediminueer word nie, hetsy afgeleid, onafgeleid of samegesteld.

By heel veel van dié woorde kom egter verskuiwing voor wêg van die primêr-abstrakte „bedeutungs”-vlak, en dan kàn dié woorde wêl verklein word. Die geringste verskuiwing is dié waarby die abstracta sulks bly en dan ongeveer te omskrywe is as „'n gevalletjie of 'n gevoelletjie van” een of ander gewaarwording, byvoorbeeld „'n kleine *twyfeltjie* by die jurie.... het 'n kans gekry om sig te laat gelde terwyl die dooi jong tog maar 'n ou skaapdief was....” (Langenhoven: Weg wêreld I, Versamelde Werke IX, bls. 25). Op sy verste gaan die verskuiwing van abstrak tot konkreet, bv. „by die stilhou-*hoogtetjies* korswil hulle altyd eers 'n bietjie” (Toiings, bls. 30). Vergelyk hiermee die onbestaanbare: „Wat is die hoogtetjie van hierdie kamer? / ”.

II: *Adverbia*:

Verkleining kom hier té weinig voor, vergeleke met substantiewe, om diminueringsmoontlikhede en beperkinge volgens die vorm van die woorde te kan formuleer, behalwe dat die verhouding van die verkleiningsuitgang tot die auslaut van die grondwoord presies dieselfde is as by die snw. Maar ons wil weet of hier ook beperkinge geld, daarom gee ons eers 'n naastenby volledige lys. Dr. Hoge gee net die volgende: ampertjies, drogies, effentjies, floutjies, flussies, kalmpjes, knussies, liefies, lossies, lugtigies, mooitjies, netjies, netnoutjies, netnoumaartjies, passies, propertjies, saggies, skelmpjes, soetjies, stadigies, stilletjies, skaarsies³¹), strakkies, swakkies, warmpies, wraggies en baiekeertjies, waarby ek insluit wat by hom onder 'n ander hoof voorkom: dalkies, dunnetjies, fraaitjies en fyntjies. By hierdie lys van 31 kan nog die volgende gevoeg word: aansies / (en Oom Bart van Dirk Mostert se „aanstonsies”), dalkertjies, doffies, knappies, liggies, minnetjies, / , noumertjies, rissies (kamma, kastig), skaampies, skraaltjies, skrappies, skuinsies en sleggies. Uit 'n betragting van dié lys blyk dat dit hoofsaaklik eensillabige adverbia is, in enkele gevalle tweesillabiges—waarby ek insluit woorde met twee liquidae onmiddellik naasmekaar in die auslaut, soos warm en skelm—, en heel selde samegesteldes, soos netnoumaar, wat in Afrikaans diminueer.

Wat betref die begripsoorte, omvat die lys (van 43) adverbia van hoedanigheid (m.b.p. wyse, 24), tyd (10), modaliteit (5) en graad (4). In verband met die twee vernaamste klasse, wyse en tyd, net dit: by die eersgenoemde staan die diminutief teenoor die grondvorm ongeveer soos 'n komparatief teenoor 'n stellende trap, behalwe by „skelmpjes” waar die uitgang 'n gunstige gevoelspeling dra, en by „soetjies” waarvan

³¹) Dié vorm het ek nêrens gelees of gehoor nie.

die (historiese) grondvorm nie 'n adverbium is nie; by die laasgenoemdes val op dat hulle almal op onbepaalde tye in die verlede en in die toekoms slaan.

Wat owerigens die hele groep aangaan, waarom sou daar geen diminutiewe bywoord van plek ³²⁾ of rigting wees nie? Verklaar kan ek dit nie, maar ek volstaan met 'n laaste opmerking oor adverbia van rigting — nié van plèk nie. Hulle benoem begrippe wat essensieel verbonde is aan *beweging* — in teenstelling tot *rus* by adverbia van plèk — sodat ons miskien hier te doen het met dieselfde weieragtigheid van die „genius of the language” wat ook geen afleiding diminueer waarby die duratiewe in 'n verbale begrip nog lewendig is nie.³³⁾

Opm. *Pootjie* is die enigste diminutief-vorm wat as normale verbum in Afrikaans gebruik word. Twee ander gevalle, naamlik *stadigies* en *soetjies*, is in hul verbale aanwending beperk tot die imperatiewe en die exhortatiewe. In kindertaal hoor 'n mens soms ook ander gevalle, maar wát is in kindertaal nie bestaanbaar nie?, èn: hoe jonger die kind is, hoe „onmoontliker” is ook sy taal, sodat dit in die vroeë kleuterjare dikwels net die moeder is wat haar babbelaartjie se „taal” „verstaan”.

III: *Ander Woordsoorte:*

Oor die vorm en begripsoort van ander woordsoorte as substantiewe en adverbia het ek alleen nog by tussenwerpsels dit op te merk dat, wanneer 'n adverbium nie kan verklein word nie, dit ook nie kan

³²⁾ Alle gevalle uit *Liefdes Onsin* van Langenhoven bly hier onbespreek, omdat dit wel 'n baie gelukkige eksplorasie is van die musikale en gevoelswaarde van die verkleinwoord, maar as „moederstaal” geen normale Afrikaans nie.

³³⁾ Kyk opmerking hiervóór.

gebeur wanneer so 'n woord per geval as uitroep (tussenwerpsel) fungeer nie, bv. „Nee! jy speel seker maar!? / ”; „lekker!” /, „heerlik!” /. Word 'n substantief só aangewend, kàn dit—behalwe in die reeds bestaande gevalle³⁴⁾—nie willekeurig gediminueer word nie, selfs nie as die woord in substantiefgebruik wèl verklein kan word nie: bv. „ryperd!” /, „hotnot!” /, „ou bees!” / en dergelike meer.

³⁴⁾ Kyk bls. 8 hiervan.